
# 383 Ons Vader en ons Koning




Sy troue Vaderoë, sien alles van naby;
wie steun op  sy vermoë, bewaar en seën Hy.
Die kleine voëltjies red Hy, beklee met gras die dal;
die swakke wurmpies voed Hy: sorg vir die groot heelal!
    Al wat op aarde wemel, of in die water leef;
    of wat die wolkehemel met snelle vlug deursweef,
    ja, al sy grootse werke, verklaar, steeds dag en nag,
    sy goedheid, sonder perke; die grootheid van sy mag.
Verbly u want u lewe is veilig in u God.
Waar u die krag begewe, of waar u ly, is God.
Waar troue vriendehande nie red nie, daar is God;
In dood en dood se bande, oor alles heen is God!

Onbekend C. De Pauw (1739-1803)